Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 22

12 Julie 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

WELKOM TERUG
Ek vertrou dat almal 'n heerlike wintervakansie beleef het. Ons is die Vader baie dankbaar dat, sover ek weet, almal voorspoedig gereis het en veilig terug is. Ek spreek die vertroue uit dat ons hierdie kwartaal lekker gaan saamwerk en al sy uitdagings met vlieënde vaandels gaan slaag.

Ons rig ook 'n spesiale woord van welkom tot nuwe leerlinge wat by ons aangesluit het. Ek vertrou dat hulle spoedig baie tuis sal voel en gou by die skool se aktiwiteite sal inskakel.

OUERAAND : MAANDAG, 15 JULIE 2024
Ons herinner u aan die oueraand op **15 Julie 2024** vanaf **14:45 tot 18:30**. U het reeds 'n brief waarop u moes aandui hoe laat u die klasonderwyser/es wil sien, ontvang. Die bevestigings van die tye vir die afsprake is reeds aan u teruggestuur. Onthou asseblief om die belangrike geleentheid by te woon. Gaan asseblief deur u kind se verslag.

Enige ander ouer is meer as welkom om ons te kom spreek as daar iets is wat pla of as u sommer net vir die personeel wil dankie sê vir hulle harde werk.

KOS VIR POUSE
Ouers, doen asseblief moeite om vir julle kinders gesonde kos skool toe in te pak. Daar is kinders wat geen kos skool toe bring nie, en dan honger raak. Honger kinders kan nie dink nie! Skakel asseblief die skoolhoof indien daar 'n probleem is.

HUISWERKBOEKE / KOMMUNIKASIEKAARTE
Die leerlinge moet asseblief seker maak dat hulle elke dag hulle huiswerkboeke skool toe inpak. Die onderwysers ondervind dat daar leerlinge is wat nie hul huiswerkboeke by skool het nie.

Wanneer die kommunikasiekaart huis toe gestuur word, moet ouers dit asseblief teken en terugstuur sodat dit die volgende dag weer by die skool is. Die straf vir kommunikasiekaarte wat nie by die skool is nie, kan beteken dat die leerling dadelik na die detensieklas gestuur word.

AKADEMIESE UITSLAE: KWARTAAL 2
Ons gee graag terugvoering rakende die leerlinge se akademiese prestasies gedurende die tweede kwartaal vanjaar. Ons is baie trots op die meeste leerlinge se prestasies, maar wil die wat nie so goed gevaar het nie, aanmoedig om die kwartaal hul uiterste beste te probeer om beter te presteer.

Grondslagfase		
Graad	**Slaag % Kwartaal 1**	**Slaag % Kwartaal 2**
R	95,9%	100%
1	91,2%	89,5%
2	98,4%	96,8%
3	93,6%	87,3%

Intermediêre fase / Senior fase		
Graad	**Slaag % Kwartaal 1**	**Slaag % Kwartaal 2**
4	96,3%	96,3%
5	82,9%	90,7%
6	96,9%	95,3%
7	89,8%	98,6%

AFHAAL VAN LEERLINGE NA SKOOLAKTWITEITE
Ons wil ’n ernstige beroep op ons ouers doen om asseblief leerlinge so gou moontlik na skool en na ander aktiwiteite te kom afhaal, aangesien die skool dan nie meer verantwoordelikheid kan aanvaar vir die leerlinge nie. Indien leerlinge moet wag, stel ons voor dat hulle op die stoep voor die graad 2-klasse wag. Dié deel van die skool word deur ‘n kamera gemonitor en is heel veilig. Leerlinge wat by die skool se sportgrond oefen en lank moet wag vir hul ouers, sal deur die afrigters na die skoolgebou terug geneem word, waar hulle dan ook op die graad 2-stoep vir hul ouers kan wag. Leerlinge moet nooit op ’n sypaadjie of waar hulle alleen is, wag nie.

ONDERSTEUNERSHEMDE
Ons wil al ons ouers aanmoedig om vir u Laerskool Newtonpark-ondersteunershemde aan te skaf. U kan by ons klerewinkel kom aanpas, dan doen ons bestellings.

FACEBOOK BLAD: SKOOLKLERE
Die facebook-groep, SKOOLKLERE - Laerskool Newtonpark, bestaan steeds en dit is lekker besig daarop. Maak gerus van die gerief gebruik as u van skoolklere wil ontslae raak wat te klein geword het vir u kinders.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

TOELATING 2025: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 16 Julie 2023 word daar ‘n brief aan elke ouer in verband met bogenoemde gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R900 deposito (per kind) skool toe stuur om sodoende te verseker dat u kind(ers) ’n plek het.

Die bedrag is voor/op 30 September 2024, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2025. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **'n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE KWARTAAL:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 15 Julie	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** **OUERAAND : 14:45 tot 18:30**
Di – 16 Julie	:	Senior Koor : **07:25 tot 08:00** **Biblioteek open** **Didakties begin** Tennis: Senior A teen Collegiate **(w)** Tennis: Senior B teen Herbert Hurd **(w)** Tennis: Senior C teen Blouwaterbaai **(t)** Tennis: Senior D teen VP Grey **(w)** **Finansiële komiteevergadering 17:00**
Wo – 17 Julie	:	Junior Koor : **07:30 tot 08:00** Klerewinkel : **12:00 tot 14:00** Rugby : 0/9A teen Herbert Hurd **(w)** Rugby : 0/11A teen Herbert Hurd **(w)** Rugby : 0/11B **– Loslootjie** Rugby : 0/13A teen Herbert Hurd **(w)** Rugby : 0/13B teen Clarendonpark B **(t)**
Do – 18 Julie	:	Senior Koor : **07:25 tot 08:00** Netbal : 0/9A en B teen Excelsior **(w)** Netbal : 0/10A en B teen Excelsior **(w)** Netbal : 0/11A en B teen Excelsior **(t)** **Graad 5, 6 en 7 Sokkie om 18:00**
Vr – 19 Julie	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** Junior Koor : **07:30 tot 08:00** Skaak: LNP Senior teen Brylin Learning Centre **(w)** Skaak: LNP Junior teen Mount Pleasant **(w)** Netbal : 0/13A teen Blanco : **13:30 (t)**

SPORT EN KULTUUR

RITMIESE GIMNASTIEK
Anina Visagie in graad 2A het aan die Ibhayi klub ritmiese gimnastiekkompetisie in vlak 2-kategorie deelgeneem. Sy het goud vir haar individuele ‘free’-dans ontvang en brons in haar ouderdomsgroep. Baie geluk, Anina!

SKAAK : AFRICAN YOUTH CHAMPIONSHIP

Amelie Kapp in graad 2A en Sebastian Kapp in graad 6H het SA-skaak by die African Youth Championship in Johannesburg vanaf 15 – 23 Junie verteenwoordig waar die top 9 meisies en seuns van elke ouderdomsgroep in SA teen hul eweknie van ander Afrika lande meegeding het. Sebastian het ‘n 10de plek in die seuns 0/12-ouderdomsgroep behaal en Amelie het ‘n 18de plek in die meisies 0/8-ouderdomsgroep behaal. Baie geluk met hierdie pragtige resultate, julle!

SKAAK

Daniël Bester in graad 2D het op 6 Julie 6 uit 6 rondtes by die “Black & White”-skaaktoernooi gewen en ‘n trofee daarvoor ontvang. Baie geluk, Daniël!

KARATE

Tiffany du Toit in graad 2D het haar oranje belt vir karate tydens haar gradering verlede kwartaal ontvang. Baie geluk, Tiffany!

RADIKALE REDENAARS : OOS-KAAP STREEKSFINAAL

GRAAD 2 - Afrikaans Moedertaal

Milan van Wyk in graad 2B het die tweede plek in die Oos-Kaap Streeksfinaal van die Radikale Redenaars-kompetisie verower. Hierdie geleentheid het op 8 Junie by Ooskus-Gimnasium in Oos-Londen plaasgevind. Hartlik geluk, Milan!

KRIEKET

Roelof Campher in graad 5D is vir 'n nuwe plaaslike franchise-kriekettoernooi in die Oos Kaap, naamlik die EPL gekies.

Wat is dit? Hoë intensiteit, kleurvolle buite-krieket. Soortgelyk aan T20.
Daar is 4 franchises : East Coast Mariners, Bayside Pellicans, Port Elizabeth Centurions, Cape Storm.
Elke franchise het ouderdomsgroepe: 0/10, 0/12, 0/14, 0/16 en 0/19. Die direkteure het spelers met behulp van plaaslike skoolafrigters geïdentifiseer en vir 5 spelers per ouderdomsgroep kontrakte aangebied. Roelof gaan vir Cape Storm speel. Die res van die spanne word Woensdag, 17 Julie uit 'n lys (“draft-sisteem“) gekies by St. George'spark gekies. Wedstryde vind gedurende September in die aand plaas en sal regstreeks op sosiale media uitgesaai word. Baie geluk en baie sterkte, Roelof! Ons is trots op jou.